DIE

# ORGANIESE STEMREG

IN VERBAND MET

# Vroue-stemreg.

(Deur Ds. Louis P. Vorster, L.V.)

A. H. Koomans, Beperk,
Potchefstroom.

1920.

## DIE ORGANIESE STEMREG IN VERBAND MET VROUE-STEMREG.

(deur Ds. Louis P. Vorster L.V.)

Daar is oor die hele beskaafde wereld al lang 'n ernstige beweging ten gunste van vroue-stemreg. Deur die laast[illegible] grote oorlog is die kwessie verskerp geword, en in he[illegible] party lande van die wereld is dit reeds wet geword. [illegible]lede jaar is 'n mosie ten gunste daarvan in die Ur[illegible] Volksraad met meerderheid van stemme aangene[illegible] Vanjaar is weer [illegible] dergelike mosie aange[illegible] en [illegible]olg daarvan is 'n private wetsontwerp [illegible] vroue-s[illegible] ingedien. Dit is egter nie waarskynli[illegible] dat so 'n wet [illegible]aar [illegible]ur die Volksraad sal ge[illegible]er word nie. Ons [illegible]an ons ewewel maar daarvoor [illegible]laar maak dat die [illegible]orstanders daarvan aanstaande [illegible]ar die saak met mag [illegible] krag sal aanpak en trag deur [illegible]e drywe. Daarom is dit nodig dat lede van die Parle[illegible]ent hierop voorbereid moet wees, nie alleen nie, maar [illegible]t die saak ook ernstig voor die aandag van die pu[illegible]ek gebreng word en leiding aan die publieke opinie ge[illegible] word. Dit kom my voor dat die stroom nie meer te [illegible]eer is nie deur 'n halstarrige negatiewe posisie in te neem. Dit is hoog tyd vir ons volk om die saak ernstig [illegible] die aangesig te sien en suiwere beginsels vir die behandeling daarvan op te spoor, en die volksopinie langs regte lyne te lei. Hierom het ik as 'n volksvertegenwoordiger met vreugde begroet enige briewe in die publieke pers van geagte en saakkundige manne uit ons volk soas van Di. C. W. du Toit, H. C. de Wet en andere.

### Uit 'n Bybels oogpunt.

Dit tref my dat die bogemelde skrywers die kwessie voornamelik uit 'n Bybelse oogpunt beskou. Dit is soos dit behoort te wees, want ons kan, Gode sy dank, nog as 'n kristen volk aangemerk word sowel wat die Hollandse as die Engelse seksie van die bevolking aangaan. Nou moet ons die Bybel wel nie beskou as 'n handboek vir ons moderne staats- en maatskappy-in-

rigting nie ,maar tog gee die Bybel die breë grondslae aan van die menslik bestaan en samelewing en wys ons terug naar die beginsels waaruit die ontspruit is. Ons strewe as 'n kristen volk moet wees om te leef, en onse wetgeving in te rig, volgens die ordinansies — die geopenbaarde wil — van God. Die geopenbaarde wil is vir ons kenbaar uit die Bybel, uit die Natuur, uit die geskiedenis en tradisies van ons volk en uit wat voorname kristen leeraars en volksmanne ons verkondig.

Nou meen ik dat die fout wat bogemelde skrywers in die publieke pers gemaak het daarin gelege is dat hulle uitgaan van die individualisties stemregstelsel en dan bybelse bewysgronde aanvoer om hulle standpunt van voor of tegen vroue stemreg te bewys. Dit moet aan 'n ieder die 'n studie van die Bybel gemaak het, duidelik wees, dat—hoewel daarin oor die individu gehandel word en sy regte en pligte teenoor God en sy medemens duidelik omskryf word—tog waar dit aankom op die samelewing en die regte en pligte wat daaruit voortvloei, die organiese beskouwing van die mensdom daar op die voorgrond tree. Die bewyse hiervoor is so talryk dat dit genoeg is slegs daarop te wijs dat ,,God uit één bloed die ganse geslag van die mense gemaak het". Ook die goddelike ordinansies omtrent die verhouding van man en vrou teenoormekaar getuig hiervan. Die gehele geskiedenis en handelinge van God met die Aartsvaders en met die volk van Israel in die biesonder, maar ook met alle nasies van die wereld lewer oorvloedige bewyse hiervan. As God seg ,,dat hy die ongeregtighede van die vadere sal besoek aan die kindere tot in die derde en vierde gelid" dan lig hierin ook opgeslote die organies verband van die geslagte. Ook deur die gehele Nuwe Testament en virnamelik in die briewe van die Apostel Paulus word dieselfde leer verkondig. Ik wil hieroor nie verder uitwei nie, maar meen genoegsaam aangetoon te hê dat diegene wat op die individualisties standpunt staan hulle nie op 'n suiwere bybelse standpunt bevind nie. Hulle is buitekant die bybelse spoor en die argumente deur hulle uit die Bybel aangevoer laat sig moeilik by die standpunt aanpas.

## Geskiedenis van die Stemreg.

Ongelukkig is van dag, so ver my bekend, onder alle beskaafde nasies die stemreg-wette gegrond op die individualisties stemreg beginsel. Dit sal my te ver uit my pad voer om hier breed uit te wei oor die geskiedenis van die ontwikkeling van die stemreg, maar tog moet ik dit korteliks aanstip. Onder die ou Germaanse volke van Europa waaruit ons voortgespruit is werd in die beraadslaging oor en in die bestuur van die landsake wel degelik rekening gehou met die organies verband van die volk of nasie. Onder die ou Leenstelsels wat toe in swang was het alleen die Leenhere, die grote grondbesitters, deel geneem in die beraadslaging en in die bestuur van die landsake. Maar so'n Leenheer was dan ook die verteenwoordiger van sy stam of „clan" waaronder nie net sy familie maar ook sy onderhorige gereken werd. Hy was 'n stamhoof, 'n ware landsvader. So vind ons dit vandag nog grotendeels by die natuur-volke soos b.v. by die Kaffers, waar die Hoofmanne as sodanig sitting neem in die „Bagotla" of landsraad. Die engelse ‚House of Lords' is ook nog 'n oorblyfsel van die stelsel van vertegenwoordiging.

Later is die verteenwoordiging meer ingerig geword op die lyne van die verskillende stande. Die voornaamste stande was die Adel (Landshere), die Hoge Geestelikheid (verteenwoordigende die Kerk) en die Stede. (vertegenwoordigende die burgery) ook hierin lig nog die erkenning van die organies verband van die sameleving.

Later by die meer en meer uitbreiding van die stemreg is dit ook altyd meer en meer individualisties geword. Op die individualistiese lewensbeskouwing het die Franse Revolusie die kroon geset. Ons wil nie die nuttige lesse wat die beweging aan die mensdom geleer het ontken nie, maar tog was die leuse van: vryheid, gelykheid en broederskap in die sin waarin dit toe gebruik werd deur en deur vals en misleidend. Die organiese grondslae van die menselik en volks-bestaan is misken geword, en die mensdom werd beskou as 'n aantal losse individus deur die staatsband aan mekaar gebind en onder wie dan kwansuis vryheid, gelykheid en broederskap moes be-

staan. Tog is ook toen nog uitsluitelik die mannestemreg gehandhaaf geword, dog dit kon nie anders maar moes, volgens die verkondigde leer, op die lang baan noodwendig lei tot die toekenning van die stemreg ook aan die vrou. Wat ons dan ook vandag in die rigting aanskou is die vrugte van die leer van die Franse revolusie. Uit die beginsels spruit dan ook vir 'n groot deel voort die woelinge van onse tyd op politiek en sosiaal gebied waarvan Bolshevisme die jongste verskyning is.

Tog, hoe ons ook al van dag in die nette en strikke daarvan vas sit, is die individualistiese lewensbeskouwing in stryd met Gods woord, in stryd met die natuur van die menselik bestaan, in stryd met onse Suid Afrikaanse volksgeskiedenis en volksaard sowel van die ou oorspronkelike Holalndse Koloniste, als van die engelse ,,Settlers'' van 1820 en van die Voortrekkers.

**Verskillende stelsels van Volks-vertegenwoordiging.**

Dat die individualistiese stemreg-stelsel geen suiwer en bevredigende volksvertegenwoordiging gee nie, word *algemeen gevoel en erken*. Daarom word tans ooral in die wereld gesoek naar 'n meer bevredigende volksvertegenwoordiging en die vroue stemreg beweging is éen *fase hiervan*.

Biesonder aandag trek viral wat genoem word die E v e n r e d i g e   V e r t e g e n w o o r d i g i n g. In Holland is dit reeds ingevoer. *Dit* bestaan daarin dat aan elke politieke party die reg gegee word om soveel lede vir die volksraad te kies as waartoe so 'n party naar eweredigheid (in vergelyking met andere partye) van die getal stemgeregde persone wat daaraan behoor, geregtig is,—dit wil sê die Antirevolutionaire party kies soveel lede, die Roomse soveel, die Demokratiese soveel ens. al naar evenredighid van die getalsterkte van die verskillende partye. In hoeverre dit in Holland beantwoord, kan ik nie sê nie, maar tog beskou ik dit als 'n hoogs onbevredigende stelsel. Want, ten eerste wissel politieke partye gedurig en kom daar telkens nuwe partye of ook kombinasies van partye. Maar 'n groter beswaar hierteen is dat politieke partye meer 'n kunsmatige skepping van die mens is, dan 'n suiwer organiese openbaring van die volkslewe.

'n Ander stemreg stelsel wat ook aandag verdien is wat genoem word B e l a n g e  V e r t e g e n w o o r d i g i n g. Hierdie stelsel is ook enige tyd gelede deur „*Het Westen*" bepleit geword. Dit gaan uit van die beginsel dat al die verskillende belange, v a k k e  v a n  n y v e r h e i d  en  p r o f e s s i e s, soos landbou, veeteelt, fabriekwese, handel, arbeid, onderwys, ens, ens volgens die betekenis van elk vir die volkslewe, *in die* Volksraad *moet* verteenwoordig wees. Hoewel hiervoor veel te sê is en dit 'n stap nader kom aan die organiese stemreg, tog is 't dit daarom nog nie. „Het Westen" het dan ook dit nie bedoel nie as uitsluitend systeem van vertegenwoordiging, maar het bepleit '*n verteenwoordiging* daarnaas, wat 'n afspiegeling sal gee van die geestesrigtinge en strominge in die Volkslewe. Maar dit sal moeilik wees om die twee sisteme te kombineer. Oorigens is hierteen die besware: Istens dat belange, vakke van nyverheid ens. so *inmekaar loop* dat dit moeilik sal wees in vele gevalle om te beslis onder watter kategorie iemand moet geplaas word. Maar my voornaamste beswaar hierteen is dat dit te werktuiglik gebaseer is op 'n materialistiese lewensbeskouwing *en geen rekening hou met* die natuurlike organiese bestaanswyse van die mensheid.

In enkele lande van Europa (volgens my meegedeel is in België en ook vroeër in Pruisen) bestaan wat genoem word die P l u r a l e  of ook  A k k u m u l a t i e w e  o f  v e e l v o u d i g e  s t e m r e g. Dis gebaseer op besitting, sodat alle persone benede 'n sekere besittings maatstaf slegs een stem het, diegene wat bowe die besittingsmaatstaf, maar nog onder 'n ander hogere *besittingsmaatstaf* val, twee stemme, en diegene wat bo die hogere besittings maatstaf val, drie stemme kan uitbreng. Ook in Natal het vóór die invoering van die nuwe kieswet van 1916 die plurale stemreg bestaan, sodat iemand wat die vereiste besittings in twee of meer verskillende kiesafdelings besit het in elk van die kiesadfelings een stem kon uitbreng. Die beginsel van dubbele of selfs drievoudige stemreg is dus ook in Suid Afrika nie iets geheel nuuts nie. Dog, waar dit net berus op besittings, is dit *helemaal* te materialisties. Grote rykdomme kan wel dien om die volkslewe te sterk en te steun, dog

behalwe die gevaar dat van die meerdere stemreg wat daarop gebaseer word misbruik kan gemaak word tot verdrukking van die armere klasse, maak rykdom op sigself nie 'n organiese deel van die volk uit nie. Ook hier is van pas „dat die mens (en ook 'n volk) by brood alleen nie sal leef nie."

## Die Organiese Stemreg.

Nou kom ik tot wat genoem word die Organiese Stemreg. Die beskouwing en gedagtes wat ik hier nou weergee het by my ontstaan deur die lese van wat in Holland enige jare gelede, toen die Kiesreg verandering aan die orde was, deur kristen volksmanne bepleit geword is (hoewel sonder prakties resultaat) as die Gesinshoof-stemreg. Die gedagte het ik uitgewerk en gewysig naar die aard en omstandighede van ons Suid Afrikaanse volksbestaan. In soverre is dus wat ik hier ten beste gee oorspronkelik en iets nuuts, trouwens ik weet nie van enig ander dergelik voorbeeld.

Wat is nou die organiese stemreg? Die mensdom en ook elke nasie of volk is nie maar 'n konglomeraat of samevoegsel van 'n seker aantal individus (eenlinge) nie, is ook nie maar 'n bloot menselik uitgedagte organisasie nie, maar is 'n lewende, deur God geskapene en volgens sy ordinansies natuurlik ontwikkelde organisme. Dit is nie 'n eenvoudige, uit 'n seker aantal individus bestaande, maar 'n heel samegestelde organisme, 'n kompleks. Die kern egter waaruit dit ontstaan is en nog steeds opgebou en voortgeplant word is die familie of huisgesin. Maar die familie self is ook 'n samegestelde organisme. Daarin tref ons aan, as dit volledig is, die Vader as hoof, die Moeder as die hulpe teenoor die Vader, en dan die kinders wat deur Vader en Moeder moet opgevoed word tot nuttige lede van kerk en staat, en die dan self later weer deur huwelike uit ander families nuwe families vorm. By die individualistiese lewensbeskouwing kom die familie-lewe nie tot sy regte nie. Hieraan moet toegeskryf word die verval van die familie-lewe en al die maatskappelike euwels wat daaruit voortspruit. Wil ons die familie in ere herstel en 'n einde maak aan die euwels dan moet ons begin met die organiese lewensbeskouwing te predik en

beter te beoefen. Dit gee 'n mens die regte beset van sy pligte en *virantwoordelikhede* en werk die selfsug teen. Ons moet dan ook aan die huisgesin 'n meerdere stemkrag of stembevoegdheid toeken as wat tans die geval is.

## Die Enkelvoudige Stem.

Natuurlik bestaan 'n nasie of volk nie enkel en alleen uit huisgesinne of families n.e. Daar is duisende ongetroude persone van beide sekse wat min of meer selfstandig bestaan maar tog geen huisgesin het nie. Hulle maak ook deel uit van die staatsliggaam of grotere organisme. Maar hulle is onvolledige, of om dit beter uit te druk, enkelvoudige selle in die staatsliggaam. Dit spreek dus as vanself dat aan elk van hulle nie eweveel seggeskap en stembevoegdheid kan toegeken word nie as aan die persoon wat 'n huisgesin verteenwoordig. Wat nou die ongetroude man betref, hy besit onder die teenwoordige wette van die land sy reg van één stem en hierby moet dit gelaat word.

Maar nou kom die vraag hoe dan met die weduwees en meisies wat mondig is en dus ook 'n selfstandig bestaan voer? Hulle is ook inkomplete of enkelvoudige selle in die staatsliggaam ewe goed as die ongetroude mans. Dit kom my voor, dat in die teenwoordige staat van ontwikkeling waarin die beskaafde nasies verkeer, (of dit nou goed of sleg is, dit laat ik daar) en waar ongetroude vroue en weduwes gedwing word om vir hulle eie lewensonderhoud te sorg en dit in so veel verskillende beroepe wat vroeër alleen vir manne toegankelik was.—ik sê dit kom my voor 'n onregvaardigheid te wees om hulle van die stemreg uit te sluit. waar ongetroude mans dit besit. Of om dit anders voor te stel. Waar die ongetroude vrou nie in geleentheid is om aan haar eigelike roeping n.l. om huisvrou en moeder te wees, gevolg te gee nie. daar moet ons haar as 'n uitsondering op die reël beskou. In sulk 'n geval moet ons beskou dat die man wat haar moet verteenwoordig, ontbreek. Nou leer die Bybel en ook die natuur ons dat waar die man ontbreek—om welke oorsaak dan ook—daar is die vrou geregtig en selfs geroepe om persoonlik self op te tree om die belange wat aan haar toevertrou is te behar-

tig. Daar kan dus m.i.s. geen enkele Bybelse of natuurlike of geskiedkundige grond aangevoer word waarom aan vroue in die posisie as selfstandig ongetroude meisies of weduwes die stemreg nie sal toegeken word nie.

**Die meervoudige Stemreg.**

Maar nou kom die vraag, as aan die ongetroude vrou die stemreg toegeken word, hoe dan met die getroude vrou? Moet sy minderwaardig geag word dan die ongetroude vrou? My antwoord is: in geen deel nie. Sy vervul haar hoge, gewigtige en verantwoordelike roeping as huisvrou en moeder. Sy is deur haar huwelik en haar moeder-syn tot volkome ontwikkeling gekom as deel van die kleinere organisme: die huisgesin, waaruit die staat opgebou en die volk voortgeplant word. In haar huisgesin lig haar biesondere roeping en werkkring. Daar kan sy haar invloed en ook haar stem laat gelde op haar man en haar kinders. En as sy weet om dit op die regte wyse te doen sal sy van daaruit 'n veel sterker, magtiger en edeler invloed op die volkslewe uitoefen as die ongetroude dit by die stembus kan doen.

Tog moet ook aan die getroude vrou in so verre die stemreg toegeken word dat aan haar man as haar hoof en haar vertegenwoordiger 'n dubbele stem moet toegeken word. Niemand segge dat hierdeur aan die getroude vrou onreg aangedaan word en dat sy deur haar man sal bedrieg word. Op watter kandidaat die man die twee stemme moet uitbreng is 'n saak wat tussen man en vrou in die stille huislike kring moet beslis word, gelyk so vele andere sake deur gesamentlik oorleg tussen hulle beslis word. 'n Vrou stel tog by haar huwelik haarself, haar gehele toekoms en hare besittings (want so hoor dit eigelik te wees) in die hande van haar man en verlies daardeur in sekere mate haar selfstandig bestaan. Sy is dus afhankelik van haar man en moet hem vertrou. En die vertroue deur die vrou in haar man gestel en die gevoel van meerdere verantwoordelikheid sal hem sterk maak en ernstiger in die uitoefening van sy pligte. So gevoel die man sy waardigheid verhoog en die vrou stel haar eer daarin dat haar man so 'n waardigheid besit. Sy trag nie hem uit die pad te stoot en sy plek in te

neem nie, maar sy staat naas hem, as sy hulpe teenoor hem, en die glorie wat hy met haar hulp verwerf straal ook op haar en haar kinders af. So kom die familie lewe in eer en aansien, iets wat die hele beskaafde wereld, en ook ons volk, tans biesonder nodig het.

Maar ik gaan nog 'n stap verder en eis dat aan die hoof van 'n huisgesin nog ook 'n derde stem moet gegee word, ten behoeve van sy onmondige kinders. Dit spreek tog vanself dat die persoon wat die verantwoordelikheid en die onderhoud en opvoeding van kinders—die toekomstige staat—dra, en daarom ook 'n groter belang het in die welsyn en toekoms van die staat, 'n groter seggeskap in die landsvertegenwoordiging moet besit as iemand wat net sigself of sigself en sy vrou verteenwoordig. Hierom moet 'n getroude man dat 'n vrou en, segge drie of meer, onmondige kinders bo 7 jaar oud het drie stemme kan uitbreng: 1 vir hemself, 1 vir sy vrou en 1 vir sy kinders. Is hy of sy 'n wedunaar of weduwe met 3 of meer onmondige kinders bo die 7 jaar dan 2 stemme; 1 vir hem of haarself en 1 vir die onmondige kinders. Terwyl dan elke ongetroude man of vrou sonder kinders, as hy of sy die nodige kwalifikasies besit een stem moet hê.

So meen ik kom ons deur die organiese stemreg tot 'n suiwere, bybelse en natuurlike volksverteenwoordiging wat in ooreenstemming sal wees met die geskiedenis, die tradisies en die aard van ons S. Afrikaanse nasie.

**Konklusie.**

Om bostaande redene het ik in 1918 in die Unie Volksraad op 'n voorstel vir vroue-stemreg die hiervolgende amendement ingedien:

„(1) dat alle ongehuwde vrouwspersonen, die anderszins stemgerechtigd zijn, het stemrecht zullen ontvangen;

(2) dat een stemgerechtigde man wettig gehuwd, een additionele stem zal hebben ten behoeve van zijn vrouw, zolang zij in leven is en niet wettig van hem gescheiden of van hem van tafel en bed gescheiden is; en een verdere stem indien hij niet minder dan drie

kinderen in leven heeft tussen de leeftijd van vijf en een en twintig jaren;

(3) dat alle stemgerechtigde weduwnaren en weduwen en wettig gescheiden, of van tafel en bed gescheiden, mans en vrouwen, behalve hun eigen stem een additionele stem zullen hebben indien zij niet minder dan drie kinderen in leven hebben tussen de leeftijd van vijf en een en twintig jaren (in het geval van gescheiden of van tafel en bed gescheiden echtgenoten zodanige additionele stem te worden gebruikt door degene van hen aan wie de zorg van de kinderen door het hof werd toevertrouwd)."

Hierdie amendement is toe nie by die Volksraad deurgegaan nie. Van jaar by die behandeling van weer 'n mosie vir vrouwe stemreg het ik weer die organiese stemreg op bogemelde gronde bepleit. Maar dit skyn of die lede van die Volksraad die beginsel nog nie begryp nie. Ongelukkig heers in onse tyd die haastige oppervlakkig-opportunistiese gees so sterk dat dit maar moeilik gaan om 'n simpatieke gehoor te vind vir 'n ernstige en ingewikkelde vraagstuk. Maar hierby moet ik erken dat ik my sienswyse oor die saak nog nie behoorlik onder die aandag van die publiek gebreng het nie, en daarom het ik dit nou gedaan.

## Praktiese Besware.

Nou wil ik nog enige praktiese besware, wat teen die organiese stemreg kan ingebring word, trag te ondervang.

'n Beswaar wat molik geopper sal word is dat die organiese stemreg soos deur my uiteengeset, moeilik by onse teenwoordige stemreg-wette kan aangepas word. As egter my voorstel, in 1918 by die Volksraad ingedien, nagelees word sal blyk dat dit gemaklik kan gedoen word, as slegs die gemelde punte aan ons kieswette, soos die nou bestaan, toe gevoeg word.

'n Tweede beswaar wat kan geopper word, is dat die praktiese uitvoering van so 'n kieswet heel wat moeilikhede sal oplewer, daar gedurige veranderinge in die kieserslyste sal moet aangebreng word al naar dat die stembevoegdheid van 'n persoon verander. Maar soos reeds vermeld bestaan daar in sommige lande reeds 'n meervoudige stemreg en was dit ook in Natal

'n paar jaar gelede die geval. En as dit in die gevalle nie onuitvoerbaar is of was nie, waarom sal dit dan nou onuitvoerbaar wees. In alle geval beskou ik die praktiese moeilikhede maar as heel ondergeskik en volstrek nie onoorkomelik nie.

'n Derde beswaar kan wees dat dan ook die gekleurde en kaffermeide in die K. Prov., as hulle die vereiste kwalifikasies besit, die stemreg sal kry, en dat getroude kleurlinge en kaffers dan ook in die K. Prov. twee of drie stemme sal kan kry. Hierop antwoord ik dat terwyl die kleurling stemreg in die K.P. eenmaal bestaan dit geen wesenlik onderskeid sal maak nie of 'n enkele meid die stemreg kry en of 'n enkele getroude kaffer of kleurling twee of drie stemme kry nie. Inteendeel geloof ik dat hierdeur die kleurling stemreg in vergelyking met die blanke stemreg eer verswak dan versterk sal word. Die vereiste vaste eiendom en huurloon kwalifikasies is tamelik hoog (n.l. vaste eiendom £75; en huurloon gedurende die gehele jaar, sonder diens-onderbreking, £50) sodat maar heel weinig ongetroude kleurling kaffermeide die kwalifikasies sal besit. En daar vir die dubbele en drievoudige stemreg ook die dubbele en drievoudige vaste eiendom of huurloon kwalifikasie sal vereis word, sal daar maar heel weinig getroude kleurlinge en kaffers wees wat dit besit.

## Slotwoord.

Ik wil ten slotte aan die hand gee dat persone wat met my sienswyse ooreenstem of ook nie ooreenstem nie, nie maar net die saak by die lese hiervan moet laat nie. Ik geloof dat my plan vir verbeterings vatbaar is en sal daarom enige welgemeende kritiek met vreugde begroet. Verder verlang ik dat die saak op publieke vergaderinge bespreek word opdat ons volk hieruit tot rypheid kan kom. Word dit nie gedaan nie dan vrees ik dat ons spoediger as ons verwag vroue stemreg puur en simpel op individualistiese lyne sal kry. En dit sal dan wees in stryd met die beginsels in Gods Woord neergelê vir die menselike samelewing, in stryd met die natuur van die menselik organisme, in stryd met onse geskiedenis en tradisies en in stryd met onse volksaard. Dit sal 'n ramp vir ons volk wees.